## KRUISE

Op die stofpad, langs die teerpad, teen 'n rots . . . orals pryk hulle in hul glorie!
Versadig, stroef, geheimsinnig . . . elkeen met sy eie hartseer storie!
Metaal , hout, sement of steen . . . vars blomme of 'n kleurryke kransie,
Die harde feit is . . . 'n lewe is geneem . . . !

Gister, laasweek of dalk lank lank gelede . . . het iemand hierdie KRUIS geplant . . .
Afgesien van plek, tyd, datum of boodskap . . . alles spel net: SMART,
en iewers, êrens in 'n hoekie of in 'n stad . . . huil en verlang daar 'n stukkende hart!


Soos jy ry, flits hulle met onbekende reëlmaat in die hoek van jou oog verby . . .
Stewig vasgemaak aan 'n geroeste draad langs die pad, skree dit: ons huil, maar jy is vry!!
Ek wil graag stop, lees, bid en wonder . . . wie was jy, wat het gebeur, en waar het jy gebly?
Maar die lewe spoed voort, ons kyk anderpad, ry verby, probeer die seer vermy . . .
Ek pik in die verbygaan 'n stille traan . . . want iewers is ook so 'n KRUIS, vir 'n kind van my!

Betyds kom die Genade my dringend herinner: om my nie daarteen vas te staar . . .
Die heel Grootste van alle KRUISE - op Golgota - was mos eerste daar . . . !!!!
Sonder verdienste, geen leed gespaar, moes Sy moeder ook hierdie sware trane stort . . .
Sodat ons wat verdien om te sterf van ons sondes—deur haar kind se dood gered kon word.

Elke KRUIS langs die pad omarm die Belofte van Hoop en Troos vir 'n eendag . . .
van blye hereniging . . . 'n Ewige Lewe . . . saam met ons geliefdes, wat op ons wag!

En skielik beleef my twyfelende gemoed, met alles in my wat so seer is (met goeie rede )
'n Versigtige, maar roerende, diep-bekende Vrede . . .
Ek onthou 'n stukkie brood in die vorm van 'n KRUIS op die Nagmaals-tafel.
Ek onthou die koue silwer beker, waarom ek my vingers bewerig vou.
Die brood en die wyn se boodskap is so duidelik . . . vir ons in ons ellende, vir die nou:
Julle is allermins verlore, Hy het met Sy bloed vir ons betaal en Sy ma het ook gerou!
Maar voordat sy 'n KRUIS langs die pad kon oprig om sy lewe te vier . . .
Het Hy die dood oorwin . . . Opgestaan . . . Hy Lewe . . . Hy is hier!!!!

Wanneer ons swak en soekend bid vir antwoorde op die sinneloosheid van die wêreld,
Mag ons dan die volgende in ons harte bewaar . . . soos die mees kosbare pêrel:
Agter die diep en seer winter, wat ons nou beleef op hierdie aarde.
Wag daar die onoorwinlike somer vir ons wat Sy KRUIS-dood ag na waarde!



**DALENE PRINSLOO**



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 24 Februarie 2019**

*"Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?" (Rom 8: 32)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Herberg Kinderhuis.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens en Gr 7-8 in die "Gat". Gr 11 vergader 10:30 in die "gat". Gr 9-10 soos deur ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om 09:00 in die kerkgebou (ds Robert) en Vleesbaai (ds André).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Bybelgenootskap.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Soos gewoonlik.



## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag 15:00 by Santos 2; Dinsdag 09:30 in die konsistorie.
Ds André: Dinsdag om 09:30 in die saal; Woensdag Selgroep om 18:30.
Ds Robert: Dinsdag 09:00 17de Laan 18 en 19:00 by Tienie Bothastraat 3. Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei.

**Dinsdag:** Geen gebedsbyeenkoms.
**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 in Santos 1 (ds Danie).
**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die saal.
**Vrydag:** Herfsdankfees!!! Die teetuin begin 11:00 en die basaar 17:30 in die kerksaal. Onthou die teetuin is in die "gat" aan die agterkant van die saal.
Wêreldbiddag vir Vroue — byeenkoms om 10:00 in die kerkgebou.

## BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Februarie is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEUROFFERS:** Sinodale offer vir Badisa was R3090-90.

**VLEISTAFEL:** Ons verwerk Maandag die 2 beeste vanaf 08:30 in die kerksaal. Bring skerp messe en kom help asb. Donderdag vanaf 08:30 word die vleis en wors verpak. Kom help asb weeg en verpak. U kan vanaf 09:30 wors en maalvleis koop @ R40 per pakkie. Ons benodig nog kontant donasies om die beeste te betaal.

**BOTSWANA UITREIK 2019:** Ons gaan vir ons jaarlikse uitreik na Werda in Botswana. Ons vertrek op Saterdag, 22 Junie en kom 5 Julie terug. Dit is vir 'n hele aantal jare 'n gesamenlike uitreik saam met Reebok gemeente. Ons mik weer daaarna om ons groep saam te stel uit 60% hoërskoolleerders en naskoolse jongmense, en 40% ouer volwassenes. Ons soek nog na iemand met 'n voertuig (dubbelkajuit bakkie of SUV) om saam te gaan. Die brandstof word uit ons groep se fondse betaal. Daar is nie kostes verbonde aan persone wat saamgaan nie. Enige persoon wat wil saamgaan kan vir ds Robert of die kerkkantoor kontak. Ons kan slegs ongeveer 15 persone uit ons gemeente saamneem waarvan 60% jongmense moet wees. Gou spring!

**GEMEENTE KUIER:** Baie dankie aan almal wat die kuier bygewoon het en van die aand 'n heerlike kuiersukses gemaak het. Dankie vir al die skenkings, donasies veral die heerlike tuisgebakte brode en vir al die hulp met die voorbereiding en bediening die aand.

**ONS HET JOU NODIG ! ! !**

Voortaan gaan hierdie spasie gebruik word om jou op hoogte te hou van alles wat in die gemeente gebeur, sodat jy deel kan neem. Ons sal toepaslike tel.no.'s gee wat jy kan skakel om te help.

1. Eiendomme: Ons het voordurende herstelwerk groot en klein om te doen. Almal wat lus het om te help, skakel vir Tobie (0823271045). Ons wil graag ook begin om die kerkerf toe te maak. As ons mense het wat help, kan die projek baie goedkoper afgehandel word.
2. Uitreik en omgee: Ons gee kospakkies, klere en ondersteuning aan hulpbehoewendes. Bel vir Joey as jy wil help (0732988142).
3. Gasvryheid: Ons het hulp nodig by begrafnisse, deurdiens, funksies, koffiedrink en vele ander. Ds Danie hoor graag van jou (0847014386).
4. SmartStart: Bediening aan skooltjies in KwaNonqaba. Ons gee pap en lei groepleiers op. Ons moet baie pakkies pap opmaak en leiers ondersteun. Bel vir ds Robert (044-6912244) as jy lus het om te help.
5. Gebed: Ons het verskillende gebedsaksies. As jy graag voorbidding wil doen, skakel vir ds André (044-6932462).
6. Blomme: As jy kan help om blomme te voorsien of te rangskik vir eredienste en ander geleenthede, laat weet vir Marie (0721422313) of Elsa (044-6905364).
7. Rekenaar en klank: As jy tegnies- of rekenaarvaardig is, is dit jou plekkie om te help. Laat weet vir Mike (0826282052).
8. Musiekspan: As jy 'n musiekinstrument kan bespeel, of mooi kan sing, het ons jou beslis nodig hier. Bel vir Marinda (0843613539).



# GEBEDSBULLETIN

**Februarie se tema: Hoop**

1 Kor 15:19 - As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense.

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Bybelse hoop - dat ons seker kan weet Jesus is die Here en Hy is hier by ons.
* Vir ons betrokkenheid by Herberg Kinderhuis - klein omgee geskenke wat 'n groot verskil maak in daardie kinders se lewens.
* Bewaring tydens kategese uitstappie.
* Offervaardigheid van lidmate - die dankfees.

**Hierdie week se GEBED EN SMEKING:**

* Deuroffers - Herberg Kinderhuis - bid vir die personeel en kinders.
* Wêreldbiddag vir Vroue en Dankfees van 1 Maart.
* Mense met lewensbedreigende siektes.
* Reën - bid vir reën in ons distrik.
* Tuisversorging van mense met terminale of chroniese siektes.



**GEBEDSWEEK: 24 Februarie tot 2 Maart**
Gebedskamer sal NIE meer plaasvind NIE.
Wêreldbiddag vir Vroue is Vrydag, 1 Maart om 10:00 in ons kerkgebou. Die program is opgestel deur die komitee van Slovenië. Die tema is: Kom - alles is gereed.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:
**SIEKES:** Miemie Moore Santos Haven 1 Siekeboeg, Johan Meyer 12de Laan, Louis Marx Swarthoutstr, Agine Potgieter Santos Haven.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.

**TEETUIN:** Vrydag, 1 Maart 2019 open vanaf 11:00. Ligte middagete's (wraps en geroosterde broodjies) ook beskikbaar.

**GESKILDE PERSKES:** R85/kg of R45/500g by die kerkkantoor te koop.